NORTH-WEST UNIVERSITY
YUNIBESITI YA BOKONE-BOPHIRIMA
NOORDWES-UNIVERSITEIT
INSTITUSIONELE KANTOOR

Beleid oor byeenkomste, demonstrasies en betooglinievorming by die Noordwes-Universiteit

Verwysingsnommer	1P/1.1.13
Aanspreeklike uitvoerende bestuurder	Institusionele Registrateur
Eienaar van beleid	Institusionele Registrateur
Verantwoordelike afdeling	Kampusregistrateurs
Status	Goedgekeur
Goedgekeur deur	Raad
Datum van goedkeuring	21 Junie 2013
Wysigings	
Datum van wysigings	
Hersieningsdatum	2015
Dokumentasie ingevolge hierdie beleid	Twee dokumente vergesel hierdie beleid: • Aansoek om ’n byeenkoms op die perseel van die Noordwes-Universiteit te hou (1Pr/1.1.13.2) • Ooreenkoms rakende die hou van byeenkomste, demonstrasies en linievorming op die perseel van die Noordwes-Universiteit (1Pr/1.1.13.3)
Webadres van hierdie beleid	http://www.nwu.ac.za/content/policy_rules
Adres op die beleid se databasis	RMA SHARE:\2. Management\2.1.3 Policy development and review\2.1.3.2 Review\Database\Policy documents\1P-1.1.13-gatherings_a.docm

Beleid oor byeenkomste, demonstrasies en betooglinievorming by die Noordwes-Universiteit

1 Aanhef

As ’n toonaangewende universiteit in Afrika, gedryf deur die strewe na kennis en innovasie, met ’n unieke institusionele kultuur gegrond op die waardes wat die Universiteit voorstaan, het die Noordwes-Universiteit hierdie beleid oor byeenkomste, demonstrasies en betooglinievorming by die Noordwes-Universiteit op 21 Junie 2013 aanvaar.

2 Inleiding

Hierdie beleid en sy reëls en prosedures vervang alle vorige beleide oor byeenkomste, demonstrasies en betooglinievorming van die NWU.

Artikel 17 van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika van 1996 erken die reg om te vergader, demonstreer, ’n betooglinie te vorm en petisies voor te lê binne die beperkings waarvoor daar in artikel 36 van die Grondwet voorsiening gemaak word. Hierdie reg kan wettig uitgeoefen word slegs indien dit op ’n vreedsame, gedissiplineerde en ordelike manier en in ooreenstemming met die wet gedoen word.

Nakoming van hierdie beleid sluit nie uit dat die NWU se reëls en regulasies, statuut en ander institusionele reëls en gedragskodes vir studente nagevolg moet word nie.

3 Beleidsverklaring

Dit is die beleid van die NWU om die kategorieë, verantwoordelikhede, nakomingsprosedures en regulasies vir studentebyeenkomste, betooglinievorming en demonstrasies te omskryf.

4 Definisies

In hierdie dokument, tensy die teendeel aangedui word, beteken:

“Hoofdirekteur: Finansies en Fasiliteite/Direkteur: Bedryf/Direkteur: Finansies” die persoon wat op elke kampus van die NWU as sodanig aangestel is.

“IB-lid” ’n lid van die NWU se Institusionele Bestuur.

“Institusionele Verteenwoordigende Studenteraad (IVSR)” die Institusionele Verteenwoordigende Studenteraad bestaande uit 4 (vier) verteenwoordigers van die 4 (vier) NWU-kampusse se verteenwoordigende studenterade.

“Kampus Verteenwoordigende Studenteraad (KVSR)” die verteenwoordigende studenteraad wat operasioneel op enige kampus van die NWU geleë is.

“Sameroeper” ’n persoon wat namens ’n goedgekeurde organisasie ’n byeenkoms of demonstrasie byeenroep.

“Demonstrasie” ’n vergadering van minder as 15 (vyftien) persone wat gehou word om hulle gevoelens oor een of ander bepaalde saak te demonstreer.

“Byeenkoms” ’n vergadering van meer as 15 (vyftien) persone wat gehou word om aan ’n saamtrek of opmars op die universiteit se perseel (akademiese klasse uitgesluit) deel te neem.

“Beampte” ’n persoon wat deur die sameroeper aangestel word om die deelnemers aan die byeenkoms te beheer om te verseker dat die byeenkoms te alle tye vreedsaam verloop. Beamptes moet duidelik herkenbaar wees.

“NWU” die Noordwes-Universiteit soos behoorlik gekonstitueer ingevolge die Wet op Hoër Onderwys, 1997 (Wet no. 101 van 1997), soos gewysig, en die Statuut van die Noordwes-Universiteit.

"ORGANISASIE" enige geregistreerde studentestruktuur wat by die VSR van enige kampus van die NWU geaffilieer is, of 'n vakbond wat deur die NWU erken word en ingevolge die Suid-Afrikaanse reg as vakbond geregistreer is.

"**Betooglinievorming**" 'n protes waar lede van 'n ORGANISASIE buite 'n werkplek van die NWU of 'n plek waar 'n byeenkoms plaasvind, byeenkom.

"Registrateur" die persoon wat as 'n kampusregistrateur by enige kampus van die NWU aangestel is.

"VSR" die IVSR en KVSR gesamentlik.

"Studente" enige bona fide student van 'n spesifieke kampus van die Noordwes-Universiteit.

"Personeel" permanente en tydelike personeellede wat by 'n spesifieke kampus van die Noordwes-Universiteit in diens is.

"Universiteit" die Noordwes-Universiteit soos behoorlik gekonstitueer ingevolge die Wet Op Hoër Onderwys, 1997 (Wet no. 101 van 1997), soos gewysig, en die Statuut van die Noordwes-Universiteit**.**

5 Reëls

5.1 Slegs lede van 'n ORGANISASIE van 'n spesifieke kampus mag aan amptelik-goedgekeurde byeenkomste, betooglinievorming en demonstrasies op daardie NWU-kampus se perseel deelneem.

5.2 Die goedgekeurde byeenkoms, betooglinievorming en demonstrasie moet die Universiteit se reëls en die bepalings van die Wet op Reëling van Byeenkomste, Wet 205 van 1993 ("die Wet"), soos gewysig, nakom.

5.3 Kennisgewing van 'n aansoek om 'n byeenkoms, betooglinievorming of demonstrasie te hou op 'n pad of plek op die NWU se perseel moet gedoen word ingevolge die voorgeskrewe dokument getiteld "Aansoek om 'n byeenkoms op 'n pad of plek op die Noordwes-Universiteit se perseel te hou" ("die Aansoek"), welke dokument hierby aangeheg en geïnkorporeer is deur verwysing en saam met artikel 3 van die Wet gelees word.

5.4 Indien die Aansoek nie goedgekeur word nie, sal die Registrateur die ORGANISASIE van die weiering om die aansoek goed te keur, asook die rede daarvoor, inlig.

5.5 Indien die Aansoek goedgekeur word, sal die dokument getiteld "Ooreenkoms ("die Ooreenkoms") in verband met die hou van byeenkomste, demonstrasies en betooglinievorming op die perseel van die Noordwes-Universiteit", wat hierby geheg en geïnkorporeer is deur verwysing, deur die betrokke partye voltooi en gesluit word.

5.6 Die organiseerders moet voor die aanvang van die byeenkoms, betooglinievorming of demonstrasie oor die volgende kwessies ooreenkom:

- Bevestiging van die tipe optrede, met ander woorde byeenkoms, betooglinievorming of demonstrasie
- Kennisgewing van die aanvang van die gebeurtenis
- Redes vir die byeenkoms/betooglinievorming/demonstrasie en die getal beamptes (indien van toepassing)
- Toegang versoek/vereis tot geriewe op die Universiteit se perseel vir ander doeleindes as dié een waarvoor aansoek gedoen word, byvoorbeeld toilette.

5.7 Gedrag tydens die byeenkoms/betooglinie/demonstrasie:

- Die sameroeper moet te alle tye 'n afskrif van "die Ooreenkoms" byderhand hê.
- Beamptes moet met volle besonderhede (naam, van, ID-nommer) geïdentifiseer word.
- Beamptes wat aangestel word om die byeenkoms te moniteer, moet vir identifikasiedoeleindes 'n uniform dra.
- Beamptes moet verseker dat die byeenkoms nie inbreuk maak op die grondwetlike regte van ander nie.

Die volgende word as oortredings beskou, en is daarom onderhewig aan dissiplinêre stappe wat ingevolge die NWU se dissiplinêre kode deur die NWU teen oortreder(s) gedoen word:

- Ontwrigting van klasse;

- Fisiese verhindering van personeellede, studente en lede van die publiek om toegang tot die Universiteit te verkry of dit te verlaat;
- Intimidering van medestudente en/of personeellede van die NWU;
- Skade aan die Universiteitseiendom of privaat eiendom;
- Stort van vullis op die Universiteitsperseel;
- Sitbetogings en die neem van gyselaars;
- Gebruik van vulgêre en beledigende taal of aanstootlike gebare;
- Opmerkings of openbare aankondigings wat die beeld, dissiplinêre orde en die reputasie van die NWU skade berokken;
- Ongemagtigde opmarse, protesoptogte, demonstrasies;
- Enige oortreding waarvoor daar in die Statuut en/of dissiplinêre reëls van die NWU voorsiening gemaak word;
- Enige ander oortreding van ’n Universiteitsreël;
- Die dra van enige gevaarlike wapens;
- Enige misdaad en/of onregmatige daad wat deur lede van die ORGANISASIE gepleeg word;
- Skending van die naam, eer en waardigheid van die Noordwes-Universiteit.

Verantwoordelikheid van die Universiteit

5.8 Die kantoor van die Registrateur op die onderskeie kampusse, of sy/haar plaasvervanger, of sy/haar behoorlik gemagtigde verteenwoordiger, is verantwoordelik vir die goedkeuring van die aansoek vir die byeenkoms/betooglinie/demonstrasie. Sodanige verantwoordelikheid moet die gesag insluit om ’n byeenkoms/betooglinie/demonstrasie te verbied onder omstandighede waar daar die moontlikheid van besering aan persone, skade aan privaat en Universiteitseiendom, ontwrigting van klasse, ontwrigting van die dissipline en goeie orde aan die Universiteit, ens. bestaan.

5.9 Die kantoor van die Kampusregistrateur of sy/haar afgevaardigde, in samewerking met die kantoor van die Uitvoerende Direkteur Finansies en Fasiliteite, is verantwoordelik vir hulp aan die ORGANISASIE met die beplanning van die byeenkoms/betooglinie/demonstrasie.

5.10 Die kantoor van die Kampusregistrateur of sy/haar afgevaardigde, in samewerking met die kantoor van die Uitvoerende Direkteur Finansies en Fasiliteite of sy/haar afgevaardigde, is verantwoordelik vir die goedkeuring van die lokaal/roete/bestemming van die byeenkoms/betooglinie/demonstrasie.

5.11 Die Departement Beskermingsdienste is verantwoordelik vir die monitering en evaluering van sekuriteitsrisiko’s tydens die byeenkoms/betooglinie/demonstrasie.

5.12 Die ORGANISASIE en sy relevante lede sal gesamentlik en afsonderlik in hulle persoonlike hoedanigheid verantwoordelik gehou word vir enige onwettige optrede en voortvloeiende skade wat as gevolg van optrede gedurende die byeenkoms/betooglinie/demonstrasie veroorsaak word.

5.13 Hierdie beleid moet saam met die bepalings van die Wet, soos gewysig deur die Wet op Rasionalisering van Veiligheidsaangeleenthede 1996 (Wet no. 90 van 1996) gelees word.

5.14 Wanneer die Kampusregistrateur die aansoek aanvaar, moet hy/sy skakel met die Direkteur/Hoof van Beskermingsdienste, wat die demonstrasie/betooglinie/protes/optog/byeenkomste/prosedures in samewerking met die toepaslike owerhede (stadsraad, SAPD, verkeer, brandweer, ens.) sal toewys, reël en fasiliteer.

5.15 Die Departement Beskermingsdienste moet waar nodig die SAPD en ander owerhede van die beoogde demonstrasie/betooglinie/protes/optog/byeenkomste in kennis stel en met hulle skakel soos in die Wet bepaal word.

Oorspronklike gegewens: W Coetzee (10675248) SHARE\Policy on NWU gatherings, picketing, demonstrations.docm

29 April 2013

Lêerverwysing: 1P/1.1.13

NORTH-WEST UNIVERSITY
YUNIBESITI YA BOKONE-BOPHIRIMA
NOORDWES-UNIVERSITEIT
INSTITUSIONELE KANTOOR

1Pr/1.1.13.2

AANSOEK OM 'N BYEENKOMS, DEMONSTRASIE EN BETOOGLINIEVORMING OP DIE PERSEEL VAN DIE NOORDWES-UNIVERSITEIT TE HOU

Ingevolge die Reëls van die Noordwes-Universiteit en die Regulasie van die Wet op Reëling van Byeenkomste (Wet 205 van 1993), waar van toepassing

Die aansoek moet volledig ingevul word en ten minste 7 werksdae voor die voorgenome byeenkoms by die kantoor van die Registrateur van die betrokke kampus ingedien word.

1. BESONDERHEDE RAKENDE DIE ORGANISASIE EN DIE SAMEROEPER

1.1 Volle besonderhede en naam van die ORGANISASIE en/of tak onder wie se beskerming of borgskap die byeenkoms gaan plaasvind:

.....

.....

1.2 Volle naam en bevoegdheid van die sameroeper wat die aansoek namens die ORGANISASIE invul en onderteken, en wat hiermee bevestig dat hy/sy behoorlik daartoe gemagtig is:

1.3.1 Volle naam: .....Studente-/personeelnommer.:.....

1.3.2 Fisiese adres: .....

1.3.3 Telefoonnommer: .....

1.3.4 Faksnommer: .....

1.3.5 E-pos: .....

2. BESONDERHEDE RAKENDE DIE BYEENKOMS/BETOOGLINIEVORMING/DEMONSTRASIE:

2.1 Tipe:.....

2.2 Doel: .....

.....

.....

.....

2.3 Datum:

2.4 Begintyd:

2.5 Beëindigingstyd:

2.6 Duur:

2.7 Punt van bymekaarkoms/vertrek:

2.8 Beoogde roete, indien van toepassing:

2.9 Verwagte getal deelnemers:

2.10 Spesifiseer reëlings wat getref is om na afloop van die byeenkoms die roete/plek/lokaal in ’n skoon en netjiese toestand te laat:

.....

.....

.....

2.11 Bevestiging dat hierdie lokaal bespreek is en die aansoekvorm vir die gebruik van die Universiteit se geriewe ingevul en by die Departement Tegniese Dienste ingedien is vir verspreiding waar en wanneer dit van toepassing is.

2.12 Besonderhede van die beamptes (een beampte vir elke 50 deelnemers):

Naam	Van	ID-nommer/personeelnommer/studentenommer

3. ONDERNEMING EN VRYWARING

1) Die geregistreerde en geaffilieerde ORGANISASIE (volle naam van ORGANISASIE) ……..... hierin verteenwoordig deur ..... in sy/haar hoedanigheid as die sameroeper wat behoorlik daartoe gemagtig is, aanvaar hiermee verantwoordelikheid vir enige skade en/of verliese wat tydens die beoogde byeenkoms deur die Noordwes-Universiteit gely word.

Die Noordwes-Universiteit word voorts gevrywaar teen enige aanspreeklikheid en/of eise van watter aard ook al wat uit die beoogde byeenkoms voortspruit.

…… **…….**

HANDTEKENING VAN DIE SAMEROEPER **DATUM**

GETUIES:

1. .....……. ...……

HANDTEKENING NAAM IN DRUKSKRIF

WOONADRES: .....

TELEFOONNOMMER: .....

WERK/BESIGHEID: .....

2. .....……. ……....

HANDTEKENING NAAM IN DRUKSKRIF

WOONADRES: .....

TELEFOONNOMMER: .....

WERK/BESIGHEID: .....

NORTH-WEST UNIVERSITY
YUNIBESITI YA BOKONE-BOPHIRIMA
NOORDWES-UNIVERSITEIT
INSTITUSIONELE KANTOOR

1Pr/1.1.13.3

OOREENKOMS RAKENDE DIE HOU VAN BYEENKOMSTE, DEMONSTRASIES EN BETOOGLINIEVORMING OP DIE PERSEEL VAN DIE NOORDWES-UNIVERSITEIT (hierna gesamentlik "die BYEENKOMS" genoem)

AANGEGAAN TUSSEN

..... (hierna "die ORGANISASIE" genoem)

hierin verteenwoordig deur ..... in sy/haar hoedanigheid as sameroeper van die Gebeurtenis, wat waarborg dat hy/sy behoorlik daartoe gemagtig is.

FISIESE ADRES:	**POSADRES:**
.....	.....
.....	.....
.....	.....
.....	.....

TELEFOONNOMMERS: .....

FAKSNOMMER: .....

EN

NOORDWES-UNIVERSITEIT

("NWU")

Hierin verteenwoordig deur die:

Registrateur op die _____-kampus

Volle name: _____

Fisiese adres: _____

_____

Posadres: _____

_____

Faksnommer: _____

E-pos: _____

E-pos: _____

DEFINISIES

"**Sameroeper**" beteken enige persoon wat uit sy eie 'n byeenkoms byeenroep; en met betrekking tot enige ORGANISASIE of tak van enige ORGANISASIE, enige persoon wat deur sodanige ORGANISASIE of tak aangestel word.

"Hoofdirekteur: Finansies en Fasiliteite/Direkteur: Bedryf/Direkteur: Finansies" beteken die persoon wat op elke kampus van die NWU as sodanig aangestel word.

"Departement Beskermingsdienste" beteken die Departement Beskermingsdienste van 'n kampus van die NWU.

"**Byeenkoms**" beteken enige vergadering, samedromming of optog van meer as 15 persone in of op enige openbare pad of straat soos gedefinieer in die Nasionale Padverkeerswet 1996 (Wet 93 van 1996), of enige ander openbare plek of perseel wat heeltemal of gedeeltelik in die buitelug is:

- Waar die beginsels, beleid, aksies of versuim om op te tree van enige regering, politieke party of politieke ORGANISASIE, ongeag of daardie party of ORGANISASIE ingevolge enige toepaslike wet geregistreer is of nie, bespreek, gekritiseer, bevorder of gepropageer word.
- Wat gehou word om drukgroepe te vorm, petisies aan enige persoon te oorhandig, of om steun vir of teenstand teen die sienings, beginsels, beleid, optrede of versuim van enige persoon of liggaam of persone of instelling, insluitend enige regering, administrasie of regeringsinstelling, te mobiliseer of demonstreer.

"**Gesamentlike Operasionele Sentrum (GOS)**" is 'n statiese of mobiele sentrum wat deur die SAPD en verteenwoordigers van alle tersaaklike owerhede wat betrokke is, asook die ORGANISASIE, beman word en vanwaar die byeenkoms beheer word wanneer nodig.

"Beampte" beteken 'n persoon wat deur die sameroeper aangestel word om die deelnemers aan die byeenkoms te beheer om te verseker dat die byeenkoms te alle tye vreedsaam verloop. Beamptes moet duidelik herkenbaar wees.

"**ORGANISASIE**" beteken 'n ORGANISASIE soos in die beleid oor byeenkomste, demonstrasies en betooglinievorming by die NWU omskryf word.

"**Registrateur**" beteken die persoon wat op enige kampus van die NWU as 'n kampusregistrateur aangestel word.

"**Verantwoordelike beampte**" beteken 'n persoon wat deur die NWU aangestel word om kennisgewings en aansoeke vir die hou van byeenkomste te hanteer, en om die uitvoering daarvan te koördineer.

"**Oproerskade**" beteken enige verlies wat gely word as gevolg van enige besering aan, of dood van, enige persoon, of skade aan of vernietiging van enige eiendom wat direk of indirek deur, en onmiddellik voor, tydens of na die hou van 'n byeenkoms veroorsaak word.

"**SAPD**" beteken die Suid-Afrikaanse Polisiediens.

OORWEGING VAN DIE AANSOEK

Na deeglike oorweging van die aansoek deur die Registrateur word die aansoek **GOEDGEKEUR/NIE GOEDGEKEUR NIE.**

Die redes vir die niegoedkeuring van die aansoek is:

ALDUS ONDERTEKEN te …….. op die ..... dag van ..... 201....

.....

NAMENS DIE

ORGANISASIE

.....

NAMENS DIE NWU

Die volgende sal van toepassing en geldig wees slegs wanneer die aansoek goedgekeur word.

1.1 DATUM EN TYD VAN DIE BYEENKOMS

1.1.1 Bogenoemde partye wil reëlings formaliseer waarop daar gedurende voorafgaande onderhandelinge ooreengekom is ten opsigte van die byeenkoms wat geskeduleer is om plaas te vind te ……. op die ..... dag van ..... 20 .....

1.1.2 Die vergadering sal om ..... (tyd) begin en om ..... (tyd) eindig

1.2 **TIPE EN REDE VIR DIE BYEENKOMS**

.....

.....

.....

.....

.....

1.3 **DIE ROETE WAT GEVOLG SAL WORD**

.....

.....

.....

.....

.....

2.

Die partye gaan hierdie ooreenkoms aan as wedersydse gebaar van welwillendheid en samewerking ten opsigte van die bogenoemde byeenkoms.

3.

Die demokratiese reg van individue of groepe persone om te vergader en hulle sienings vreedsaam uit te spreek, word erken. Die partye tot hierdie ooreenkoms kom egter ooreen dat hierdie reg uitgeoefen moet word met die nodige agting vir die regte van ander, insluitend dié wat nie aan die byeenkoms deelneem nie.

4.

Die partye kom ooreen dat waar lewe en eiendom bedreig word, die SAPD 'n plig het om op te tree, en dat die SAPD die uiteindelike verantwoordelikheid dra om lewe en eiendom te beskerm en reg en orde te handhaaf. Die ORGANISASIE neem ook kennis van die feit dat die NWU nie verantwoordelikheid vir die veiligheid van byeenkomste aanvaar nie.

5.

Die partye kom ooreen dat die volgende streng nagekom en nagevolg sal word:

5.1 VOORWAARDES DEUR DIE NWU

Die ORGANISASIE kom ooreen om te alle tye op te tree in ooreenstemming met die voorwaardes wat deur die NWU gestel word.

5.2 BEAMPTES

5.2.1 Die ORGANISASIE sal verseker dat daar voldoende en effektiewe optrede deur beamptes vir die doeleindes van skarebeheer sal wees.

5.2.2 Die ORGANISASIE moet verseker dat daar een beampte vir elke 50 deelnemers aan die byeenkoms is. Die geraamde skare van ..... deelnemers sal dus..... beamptes vereis.

5.2.3 Die ORGANISASIE sal verseker dat die beamptes by die beginpunt van die opmars aan diens is, en dat hulle aan diens bly totdat die skare by die punt waar die byeenkoms beëindig word, heeltemal uitmekaar gegaan het.

5.2.4 Daar word ooreengekom dat alle beamptes op die volgende wyse deur die ORGANISASIE geïdentifiseer sal word:

.....

(sal met Beskermingsdienste gefinaliseer word voordat die byeenkoms begin).

5.2.5 Die beamptes by die byeenkoms moet vooraf aan Beskermingsdienste uitgewys en geïdentifiseer word, en daar moet gespesifiseer word watter verteenwoordigers, indien nodig, te alle tye gedurende die verrigtinge vir onderhandelinge beskikbaar sal wees.

5.2.6 Die ORGANISASIE moet verseker dat alle beamptes en deelnemers van die inhoud van hierdie ooreenkoms en die toestemming van die NWU in kennis gestel word.

5.3 TOESPRAKE EN ANDER OPTREDE WAT HAAT OF GEWELD AANSTIG

5.3.1 Geen persoon wat teenwoordig is by of deelneem aan ’n byeenkoms mag deur middel van ’n banier, plakkaat, toespraak of sang haat teenoor, of vrees van, ander groepe aanhits wat gegrond is op verskille in kultuur, ras, geslag, taal of godsdiens nie, of dreigemente van geweld uiter teen enige persoon of groepe persone nie, of enige ander daad verrig of woorde uitspreek wat daarop gerig is om gevoelens van vyandigheid tussen verskillende groepe of seksies van die plaaslike gemeenskap te veroorsaak, aan te moedig of te ontlok nie.

5.3.2 Geen toesprake mag tydens die optog gehou word nie. Oorhandigingseremonies mag nie 15 minute oorskry nie.

5.4 VERSPERRINGS EN INTIMIDASIE

5.4.1 Die ORGANISASIE onderneem om die NWU te help om enige versperring van enige pad of deurgang langs die goedgekeurde roete te voorkom en/of te verwyder.

5.4.2 Die ORGANISASIE moet verseker dat geen persoon/persone of groepe persone op enige manier hoegenaamd geïntimideer word om aan die optog deel te neem, of enige persoon/persone of groepe persone verhinder word om met hulle normale aktiwiteite voort te gaan nie.

5.4.3 Die ORGANISASIE moet verseker dat geen toegang tot enige gebou of perseel van die NWU en enige privaat eiendom deur deelnemers versper word om sodoende die publiek, personeel of studente toegang tot genoemde gebou of perseel te ontneem nie.

5.4.4 Die ORGANISASIE en/of deur middel van die beamptes by die byeenkoms moet verseker dat deelnemers nie inbreuk maak op die aktiwiteite van die NWU, en/of NWU-beamptes in die uitvoering van hulle pligte steur nie.

5.5 VERVOERREËLINGS

5.5.1 Die ORGANISASIE moet behoorlike en voldoende vervoer aan deelnemers en beamptes beskikbaar stel na en vanaf die beginpunt en/of die punt waar die byeenkoms beëindig word.

5.5.2 Geen voertuie van watter aard ook al sal toegelaat word om aan die byeenkoms deel te neem of daarby aan te sluit nie.

5.6 KOMMUNIKASIETOERUSTING

Om behoorlike skarebeheer en die handhawing van orde te verseker, sal die ORGANISASIE reël dat die volgende kommunikasietoerusting beskikbaar is.

..... luidsprekermegafone/megafone/openbare luidsprekerstelsels

..... tweerigtingradio's ("walkie-talkies")

5.7 TOILETGERIEWE, WATERPUNTE EN NOODHULPSTASIES

Daar word ooreengekom dat die verwagte skare sal noodsaak dat die volgende geriewe

waar toepaslik beskikbaar gestel word:

..... tydelike toilette wat deur die ORGANISATION vir die onkoste van die organiseerders verskaf moet word.

..... Noodhulpstasies wat deur die ORGANISASIE verskaf en beman moet word.

5.8 GEVAARLIKE WAPENS, VUURWAPENS EN REPLIKAS DAARVAN

In die lig van die feit dat die besit van gevaarlike wapens te eniger tyd by byeenkomste of op enige openbare plek 'n oortreding is ingevolge Goewermentskennisgewing 1633 van 1996-10-01 en dat Goewermentskennisgewing 1487 van 1996-09-02 'n verbod plaas op die besit van vuurwapens by enige byeenkoms by of in openbare plekke, onderneem die ORGANISASIE om te verseker dat geeneen van die deelnemers aan die byeenkoms in besit sal wees van enige soort wapen nie, insluitend tradisionele wapens.

5.8.1 Om hierdie onderneming af te dwing, sal beamptes by punte van samekoms na wapens soek en alle redelike stappe doen om nakoming van bestaande wetgewing te verseker.

5.8.2 Indien dit onder die omstandighede prakties uitvoerbaar is, sal die Departement Beskermingsdienste en die SAPD deelnemers aan die byeenkoms ontwapen en die organiseerder(s) en beamptes sal alle hulp verleen wat in hierdie verband nodig is.

5.9 DRA VAN VERMOMMINGS

5.9.1 Die dra van vermommings of maskers, en veral balaklawas of gesigbedekkings of enige item wat die gesigskenmerke van enige persoon verberg en wat bedoel is om te verhoed dat so 'n persoon geïdentifiseer word, sal nie by die byeenkoms toegelaat word nie.

5.9.2 Die ORGANISASIE, asook die beamptes, sal hierdie reëling afdwing.

5.10 WEGBREEKGROEPE

Die ORGANISASIE en aangestelde beamptes sal die skare beheer en alle redelike stappe doen om te verseker dat geen deel of enigeen van die deelnemers van die hoofgroep wegbreek nie.

5.11 NIEDEELNEMERS WAT BY BYEENKOMSTE AANSLUIT

Die ORGANISASIE en beamptes sal alle redelike stappe doen om te verseker dat niedeelnemers of enige voertuig nie by die byeenkoms aansluit nie. Sodanige persone of voertuig/-tuie moet deur die beamptes van die byeenkoms uitgesluit word, indien nodig in oorleg met die SAPD en/of Beskermingsdienste.

5.12 AANSPREEKLIKHEID VIR SKADE/VYWARING VAN DIE NWU

5.12.1 Die ORGANISASIE sal aanspreeklik gehou word en aanvaar hiermee die verantwoordelikheid vir enige skade aan eiendom en/of verliese wat deur enige persoon/instelling/sakeonderneming gely word op die betrokke roete of plek van byeenkoms en wat te eniger tyd onmiddellik voor, tydens of binne 'n redelike tyd na die genoemde byeenkoms veroorsaak word deur diegene wat dit bywoon.

5.12.2 Die ORGANISASIE vrywaar voorts die NWU teen enige aanspreeklikheid en/of eise van enige aard as gevolg van die beoogde byeenkoms.

5.13 GESAMENTLIKE OPERASIONELE SENTRUM (GOS)

5.13.1 Die partye kom ooreen om 'n GOS op te rig op 'n tyd en plek wat deur die SAPD en/of Beskermingsdienste bepaal en beheer word, wanneer en waar van toepassing.

5.13.2 Die doel van hierdie GOS sal wees om die beheer van die komende byeenkoms te koördineer, en enige geweld en vernietiging te voorkom.

5.14 ANDER REËLINGS WAAROP OOREENGEKOM WORD

5.14.1 Daar moet nie met joernaliste in die uitvoering van hulle pligte ingemeng word nie.

5.14.2 Die opmars of optog moet teen 'n redelike tempo vorder.

5.14.3 Die byeenkoms mag slegs by die ooreengekome ruimte gehou word sodat die beweging van voetgangers op sypaadjies nie versper word nie.

5.14.4 Die roetes na en van die plekke wat vir die byeenkoms gebruik word, moet na die afloop daarvan in 'n skoon en netjiese toestand gelaat word. Versuim om hieraan te voldoen, sal daartoe lei dat die roetes/plekke deur die gekontrakteerde firma van die NWU vir die rekening van die ORGANISASIE skoongemaak word.

5.14.6 Die ORGANISASIE moet verseker dat die deelnemers aan die byeenkoms op 'n ordelike en gedissiplineerde wyse met die goedgekeurde roete langs terugkeer.

5.14.7 Indien die ORGANISASIE 'n memorandum aan die NWU wil oorhandig, moet dit oorhandig word aan ..... by ..... (meld plek).

5.14.8 Die volgende BBP's sal die byeenkoms bywoon:

.....

5.15 BYKOMENDE VOORWAARDES WAAROP TYDENS DIE BEPLANNINGS- EN KOÖRDINERINGVERGADERING EN OOREENGEKOM WORD

.....

.....

.....

.....

ALDUS ONDERTEKEN te …….. op die ..... dag van ..... 201....

.....

NAMENS

ORGANISASIE

.....

NAMENS DIE NWU

AS GETUIES

1. .....

2. .....